HOËRSKOOL SECUNDA

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

DEEL 1
ETIEKKODE

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

As ingeskrewe leerder van Hoërskool Secunda verbind ek my daartoe om:

- die waardes van die skool naamlik respek,verantwoordelikheid,selfbeheersing, omgee en dankbaarheid ten volle uit te leef;
- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van die skool getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____
20_____

_____

LEERDER

HOËRSKOOL SECUNDA

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

DEEL 2

GEDRAGSKODE EN -REËLS

1. Inleiding

In terme van die Skolewet, wet 84 van 1996, moet 'n openbare skool beskik oor 'n Gedragskode vir leerders. Daar word bepaal dat 'n Gedragskode opgestel moet word deur die beheerliggaam na oorlegpleging met die leerders, ouers en opvoeders. Die Gedragskode en –reëls vir Leerders van **Hoërskool Secunda** wat die skoolbeheerliggaam goedgekeur het sal aan u verskaf word. Die Beheerliggaam het met die ouers, leerders, en opvoeders van die skool gekonsulteer betreffende die inhoud van die Gedragskode.

Die Gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika 108 van 1996, die Suid Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Kennisgewing 776 van 1998) en ander toepaslike provinsiale wetgewing.

2. Doel

Die doel van hierdie gedragskode is om ’n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.

Die Gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

3. Gedrasgskode vir Leerders

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

Sien die volledige Gedragskode vir ‘n volledige uiteensetting van die skoolreëls.

Ek beskou die Gedragskode as bindend op my te alle tye wanneer ek op die skoolterrein is, of in skooldrag geklee is, of op 'n uitstappie of toer van die skool is, of aan enige skoolverwante aktiwiteite deelneem, waarookal, en hetsy sport, kultureel of andersins, of wanneer ek enigsins met Hoërskool Secunda geassosieer kan word.

Ek onderneem om die Gedragskode op myself van toepassing te maak en beskou dit as bindend op my gewete.

Leerder:_____ Datum:_____

Ouer:_____Datum:_____

ONTVANGS VAN DIE GEDRAGSKODE EN –REËLS

Ek, _____, erken hiermee ontvangs van die
(*Naam en Van van leerder*)

Gedragskode en –reëls op _____.

_____ _____

Handtekening van leerder Handtekening van ouer

BELEID AANGAANDE VAKVERANDERINGS

Vakveranderings kan slegs goedgekeur word, indien die leerder se vakkeuse op die skool se roosterprogram inpas.

Die volgende geld a.g.v. Departementele beleid:

1. Graad 10 : Maksimum TWEE vakke mag verander word voor en tot met die tweede week van die derde kwartaal.
2. Graad 11: Slegs EEN vak mag verander word voor en tot met die tweede week van die derde kwartaal.
3. Graad 12: Slegs EEN vak mag verander word voor 27 November. GEEN VAKVERANDERINGE WORD DEUR DIE DEPARTEMENT IN GRAAD 12 AANVAAR NIE.

Alle vakveranderinge vind plaas met die goedkeuring en oorlegpleging met die Onderwysdepartement se Streekseksamenhoof.

DOKUMENTASIE BENODIG

- Voltooi aansoekvorm vir verandering van vak. (By graadhoof beskikbaar)
- Motiveringsbrief van ouer/voog.
- Handtekening van goedkeuring van vorige en nuwe vakonderwyser.
- Die aansoek moet by die graadhoof ingehandig word.
- Die Graadhoof moet die aansoek by die Adjunkhoof: Akademie inhandig.
- As toestemming verleen word, sal leerder ‘n nuwe rooster ontvang.
- Indien die leerder al in Graad 10 ‘n vak verander het, moet hierdie reeds voltooide vorm by die Adjunkhoof:Akademie afgehaal word en vir die nuwe vak voltooi word.

SELFOONBELEID

Die gebruik van selfone en ander elektroniese instrumente (MP3,iPod,ens.) wat inbraak maak op akademiese tyd behels die volgende:

Leerders mag selfone ens. slegs voor skool, tydens pouse en na skool gebruik. Wanneer die klok die begin van die skooldag of die einde van pouse aankondig, moet selfone afgeskakel en gebêre word. <u>GEEN selfoon mag sigbaar wees nie.</u>

Indien ‘n leerder bg. reël oortree, moet die toerusting(selfoon) aan die betrokke personeellid oorhandig word. Dit sal in die kluis in ‘n koevert/plastieksakkie gestoor

word. Die toerusting (bv. selfoon) kan na ‘n week by die kantoor afgehaal word. Met die eerste oortreding, moet R100 by die finansiële kantoor inbetaal word. Met die tweede oortreding, word die selfoon vir ‘n week gehou en leerders moet R200 by die kantoor inbetaal. Met ‘n derde oortreding, word die selfoon vir ‘n week gehou en moet R300 by die Finansiële kantoor inbetaal word, ens.

Personeel stuur ook ‘n pienk brief na die kantoor. Die oortreding sal volgens die Dissiplinêre kode hanteer word.

DIE SKOOL AANVAAR GEEN VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE VERLIES VAN EIENDOM NIE.

FINALE PROMOSIEPUNT

Word deur die Departement bepaal, maar is normaalweg:

1. Graad 8 en 9:

   Jaarpunt: 40% November eksamen: 60%

2. Graad 10 – 12:

   Jaarpunt: 25% November eksamen: 75%

REËLS VIR DIE GEBRUIK VAN DIE DAGBOEK

Die skooldagboek moet elke dag in elke leerder se besit wees. Leerders moet die dagboek by hul hê as hul uit die klas beweeg met toestemming van personeel in die uittekenregister.

- Ouers en leerders moet die dagboek aan die begin van die jaar teken en die dagboek gereeld kontroleer en raadpleeg. Die handtekening impliseer dat ouer en leerders op hoogte is van die inhoud van die dagboek en die dissiplinêre kode.
- Die dagboek is ‘n werksdokument. Huiswerkopdragte en toetse moet hierin aangeteken word.
- Trek die dagboek met deurskynende plastiek oor.
- Indie die dagboek wegraak, moet die leerder R45 by die finansiële kantoor inbetaal vir ‘n nuwe dagboek.

AFWESIGHEDE EN UITTEKEN

1. Wanneer ‘n leerder laat kom vir skool, of van ‘n afspraak buite die skool terugkom, moet hy/sy by die Algemene Kantoor aanmeld.

2. Wanneer ‘n leerder toestemming moet kry om ‘n gedeelte van ‘n skooldag afwesig te wees vir bv. ‘n begrafnis of afspraak by mediese spesialis, moet sodanige reëlings vooraf skriftelik deur ouers getref word. Die betrokke nota moet voor skool by die Algemen Kantoor ingehandig word. Die ouer of wettige voog moet self die leerder kom afhaal. Leerders met eie vervoer moet dieselfde prosedures volg en kan nie bloot die skool terrein verlaat nie. Hierdie is ‘n veiligheidsmaatreël t.w.v. die veiligheid van u kind.
5. Leerders word volgens die Departement eers as aanwesig beskou, as hul die skool tot 10:00 bygewoon het.
6. Wanneer ‘n leerder by die skool siek word, moet hy/sy by die Algemene Kantoor aanmeld. Die skool sal dan die ouer kontak - leerders mag nie self hul ouers kontak nie.
7. Die beleid vir afwesighede tydens assessering is op D6 beskikbaar.

SKOOLVERLATING

Aansoek vir ‘n oorplasingskaart na ‘n ander skool en kennisgewing van permanente skoolverlating, moet skriftelik deur die betrokke ouer gedoen word.
Voordat die skool ‘n oorplasingskaart uitreik, moet alle handboeke ingegee word en die rekening ten opsigte van onderriggelde/alle uitstaande gelde vereffen word.

BOEKE EN BOEKTASSE

Handboeke word deur die skool verskaf. Seker werkboeke moet deur die ouer vereffen word. ‘n leerder is verplig om sy/haar naam voor in elke handboek te skryf. Elke handboek moet met plastiek oorgetrek word en goed versorg word. Sien reëlings oor handboeke.
Indien skrifte deur die Onderwysdepartement aan die skool verskaf word, word dit deur die skool aan elke leerder verskaf. Andersins is leerders verplig om hul eie skrifte te voorsien. ‘n Skryfbehoeftelys vir die volgende jaar, word aan die einde van elke jaar aan leerders uitgereik.
Die skool vereis dat elke leerder oor ‘n stewige boektas met ondersteunende afskortings beskik. Geen seilsakke word toegelaat nie. Tasse mag nie bekrap of beplak word nie, maar moet duidelik gemerk wees.

Die skool kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir verlore tasse of die inhoud van tasse wat verlore raak nie.

TOETSE EN EKSAMENROOSTER

Amptelike toete word normaalweg op Woensdae en Vrydae geskryf. Leerders kan die toetsrooster in hul dagboekie plak.

Onder normale omstandighede, skryf Gr 8 -11 leerders jaarliks twee eksamens. Gr. 12 -leerders skryf jaarliks drie eksamens.

Die meeste eksamenroosters word deur die Departement bepaal. Geen toetse of eksamens kan verskuif op grond van ‘n leerder of sy/haar ouers se versoek nie.

AANSPREEKLIKHEID

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal van enige item hoegenaamd nie.Kosbare artikels moet liefs tuis gelaat word. Selfone word op eie risiko skool toe gebring en moet tydens lesperiodes en klaswisseling afgeskakel wees.

KOMMUNIKASIE

Kommunikasie geskied m.b.v die D6-Kommunikeerder, smse en ‘n whatsapp graadgroep. Ouervergaderings vind plaas nadat rapporte uitgehandig is. Na elke toets en eksamen moet elke leerder sy/haar antwoordstel aan sy/haar ouer toon wat dit moet teken en terugstuur. Rapporte word aan die einde van die eerste, tweede en vierde kwartaal uitgestuur. Ouers wat dit nie ontvang het nie, moet asseblief navraag by die skool doen.

In die derde termyn word ‘n puntestrokie uitgehandig.

Ouers is welkom om enige saak rakende hul kind(ers) met die personeel te bespreek. Die volgende riglyne geld:

- Die hoof hanteer die volgende: Ernstige klagtes wat die beeld van die skool skaad, doodsberigte, personeelsake, uitsluiting van leerders. Afsprake moet asseblief gemaak word.
- Adjunkhoofde: nuwe inskrywings, navrae oorpunte en rapport, ernstige ooortredings van skool se gedragskode, afwesigheid as gevolg van mediese

afsprake, begrafnisse, reëlings m.b.t. skoolfunksies, navrea i/v/m die beleid oor onderriggeld.

- Graadhoofde is verantwoordelik vir die algemene opvoedkundige, akademiese welsyn en klasindeling van leerders in die betrokke graad, asook dissiplinêre probleme volgens die gedragskode.
- Klasvoogde is verantwoordelik daarvoor dat elke kind in sy/haar klas gelukkig is en suksesvol kan studeer. Ouers word versoek om probleme rakende afwesighede, huiswerkversuim en oortreding van skoolreëls met die kalsvoog te bespreek.
- Vakonderwysers hanteer navrae oor vordering van leerders in hul vak.
- Ouers moet asseblief afsprake maak – personeellede kan nie tydens lesperiodes uit die klas geroep word nie.

DAGVERLOOP

1. Alle leerders moet soggens om 07:25 binne die terrein wees. Ter wille van leerders se veiligheid, moet leerders as hul afgelaai word, binne die skoolterrein bly.
2. Op Donderdae tree leerders om 07:30 in hul voogklas op op die aantreeblad aan. Op alle ander dae, tree leerders eers by hul voogklas aan.
3. Op Maandae word leerders se Saalbyeenkoms en LO afgewissel. Geen sweetpakbaadjies mag tydens saalopening gedra word nie.
4. Toetse word op Woensdae en Vrydae afgelê.
5. Leerders se gedrag tydens saalopening, moet onberispelik wees.
6. Na 14:15 mag slegs leerders wat onder toesig van ‘n personeellid is, in die binnekring wees.
7. Daar mag geen lawaai tussen klasse wees nie, aangesien daar ekstra klasse plaasvind.
8. Leerders mag slegs tydens klastyd buite die klas beweeg indien hul dagboek deur die betrokke personeellid geteken is.

ALGEMEEN

1. Elke leerder is verplig om elke skooldag by te woon. Alle leerders moet klasse volgens die geldige skoolrooster bywoon en mag nie klasse ontduik of sonder

toestemming afwesig wees nie.

2. Geen leerder mag voor skool of tydens pouses oor die pallisades kuier nie. Leerders moet ten minste 2 m van die pallisades wees om kommunikasie met persone van buite te vermy.
3. Paartjies wat by mekaar sit, se optrede moet sodanig wees dat dit nie ‘n verleentheid vir ander leerders en personeel skep nie. Enige fisiese kontak by die skool of elders waar leerders die skool verteenwoordig, is verbode.
4. Gevaarlike speletjies, bv. klipgooiery ens. is verbode. Geen leerder mag enige gevaarlike wapen, klappers, skaatsplanke ens. skool toe bring of in sy/haar besit by die skool hê nie.
5. Rommelstrooiery en vandalisme bv. graffitti op skooleiendom is ten strengste verbode.
6. Ontgroening word ten strengste verbied. Inburgering van Gr. 8 -leerders geskied volgens ‘n beplande program.
7. Geen leerder word voor en na skool, sowel as gedurende pouses, in ‘n klaslokaal sonder die toestemming van die betrokke onderwyser toegelaat nie.
8. Ons eie lokale, kleedkamers, pawiljoen sowel as dié van ‘n skool wat ons besoek, moet onberispelik gelaat word.
9. Fietse en motorfietse moet op die aangewese plek gebêre en vasgesluit word. Leerders wat self met ‘n motor skool toe kom, moet die voertuig op die parkeerterrein by die tennisbane parkeer. Sodanige leerders moet oor ‘n geldige bestuurderlisensie beskik en ‘n parkeerskyfie by Mnr. G. Matfield kry.
10. Die afrolkamer en administratiewe kantore is verbode vir leerders.
11. In die belang van die oortreder en die goeie naam van die skool, word dit van elke leerder verwag om wangedrag te rapporteer.
12. Die terrein mag slegs deur een van die amptelike hekke binne gekom of verlaat word. Dit is ‘n oortreding om oor die pallisades te klim.
13. Funksies soos sokkies, Valentynsbal en matriekafskeid is slegs vir die ingeskrewe leerders van Hoërskool Secunda.
14. Slegs die Kafeteria mag eet- en drinkgoed verkoop. Verversings mag tydens die Valentynsmark en georganiseerde fondsinsamelings verkoop word. Leerders en personeel mag nie op hul eie produkte verkoop nie.

REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG

(UITTREKSEL UIT GEDRAGSKODE)

Ons skooldrag is geregistreer en mag nie verkoop word of geskenk word aan persone wat nie leerders van Hoërskool Secunda is nie.

Slegs relevante skoolbalkies en knopies mag op die skoolbaadjie gedra word.

6.1 Skooldrag

6.1.1 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word.

6.1.2 Skooldrag is verpligtend tydens skoolfunksies en wanneer leerders op ‘n uitstappie is waar hulle die skool verteenwoordig, behalwe wanneer amptelik anders gereël word.

6.1.3 Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.

6.1.4 Die oortreding van die voorgeskrewe skooldragreëls is ‘n vlak 1 wangedrag, maar na **drie herhaalde oortredings** van die reëls word dit ‘n vlak 3 wangedrag.

6.1.5 **Kleredragreëls**

6.1.5.1 Seuns:

i. ‘n Wit skoolhemp (kortmou in die somer en langmou in die winter)
ii. Grys skoolbroek (lank of kort) met ‘n grys, swart of bruin gordel. (Skoolbroeke mag nie te styf sit nie)
iii. Das (somer en winter).
iv. Grys skoolkouse.
v. Skooltrui / Skoolbaadjie (opsioneel) / oortrektrui of sweetpakbaadjie (Slegs Gr. 11 -12, indien jy reeds een besit)
vi. Wat onderhemde betref, mag seuns slegs ’n wit onderhemp of ‘second skin’ dra wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie.
vii. Swart gladde leerskoene met slegs veters. Skoene se veters moet vasgemaak wees.
Geen skerppunt skoolskoene mag gedra word nie. Aangesien daar so ‘n wye verskeidenheid skoene in die mark beskikbaar is, rus die onus op die leerder en die ouers of voogde om hulle by die vervanging van skoene daarvan te vergewis of die nuwe skoene aan die skool se standaarde sal voldoen.
viii. Skoolskoene moet asseblief skoon en blink gepolitoer wees.

6.1.5.2 Dogters:

a. Somersdrag: Opsie 1

i. Wit skoolhemp met kort moue.
ii. Geruite turkoois en wit rok met belt.

iii. Kort wit skoolkouse saam met die rok – nie sport kouse nie.
iv. Skoolkouse moet omgevou word.
v. Die lengte van die rok is 10cm bo die knieë, van die grond af gemeet, wanneer die dogter op haar knieë staan.
vi. Swart gladde leerskoene vir dogters, met gespe of veters. Geen insteekskoene met rekbandjies (pumps) mag gedra word nie. Aangesien daar so ‘n wye verskeidenheid skoene in die mark beskikbaar is, rus die onus op die leerder en die ouers of voogde om hulle by die vervanging van skoene daarvan te vergewis of die nuwe skoene aan die skool se standaarde sal voldoen.
vii. Skoolskoene moet asseblief skoon en blink gepolitoer wees.

Somersdrag: Opsie 2

i. Wit kortmou skoolhemp met skooldas.
ii. Grys skoollangbroek.
iii. Grys skoolkouse saam met die broek.
iv. Skooltrui of oortrektrui is verpligtend saam met die broek.
v. Skooldas word nie saam met ‘n rok gedra nie, maar is verpligtend saam met die grys langbroek.

Wintersdrag: Opsie 1

i. Wit langmou skoolhemp.
ii. Geruite turkoois en wit rok.
iii. Skooldas mag nie saam met skoolrok gedra word nie.
iv. Swart sykouse.
v. Skooltrui, skoolbaadjie (Gr. 8 - 12) of sweetpakbaadjie (Slegs Gr. 11 -12, indien jy reeds een besit)

Wintersdrag: Opsie 2

i. Wit langmou skoolhemp.
ii. Grys skoollangbroek.
iii. Skooldas is verpligtend saam met die grys langbroek.
iv. Grys skoolkouse.
v. Skooltrui, skoolbaadjie, oortrektrui of sweetpakbaadjie (slegs Graad 11 - 12 indien jy reeds een besit)
vi. Geen bloes / T-hemp of kanthempie mag onder skool- of atletiekdrag gedra word nie, slegs wit “second skin”.

Die volledige skoolsweetpak en S-klere is nie deel van die amptelike skooldrag nie. Dit mag slegs tydens LO-praktiese periodes gedra word, soos aangekondig. Dit mag, soos gereël, met sportbyeenkomste gedra word.
Die skool het nie ‘n matriekbaadjie nie. Die skoolbaadjie(turkoois kleurbaadjie) met ‘n goedgekeurde koord, dien as matriekbaadjie.
Slegs skoolserpe en amptelike skool “beanies” mag saam met wintersdrag gedra word en slegs van Junie tot einde September.
Leerders wat ‘n sportbyeenkoms bywoon, doen dit in skooldrag of sportdrag.
Geen denims mag saam met skooldrag of S-hemp gedra word nie.

6.1.6 Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.

6.1.7 Die beheerliggaam kan na goeddunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees. Dit geld ook tydens sosiale geleenthede, byvoorbeeld sokkies, waar informele drag toegelaat word. Daar moet ten minste twee weke voor die tyd skriftelik by die beheerliggaam aansoek gedoen word vir sulke geleenthede.

6.1.7.1 Kleredragreëls vir gewone drag

6.1.7.1.1. Dogters:

(i) Klere moet netjies wees, sonder enige gate of skeure (bv. Torn jeans)
(ii) Hemde, bloesies of rokke moet die skouers toemaak, geen *'spaghetti straps'* nie.
(iii) Kortbroeke mag nie hoër as 10cm bo die knieë wees, van die grond af gemeet, wanneer die dogter op haar knieë staan, nie.
(iv) Dieselfde haar-, juwele-, naels- en grimeringreëls geld vir spesiale dae soos wanneer leerders skoolklere dra.
(v) Geen styfpassende klere/spanbroeke nie.

6.1.7.1.2 Seuns:

(i) Klere moet netjies wees, sonder enige gate of skeure (bv. Torn jeans)
(ii) Hemde mag nie langer as 20cm onder die middellyf hang nie.
(iii) Geen sonbrille en of hoedens mag gedra word nie.
(iv) Dieselfde haar-, baard-, juwele- en naelsreëls geld vir spesiale dae soos wanneer leerders skoolklere dra.

6.2 Voorkoms

6.2.1 Hare

Dogters

- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon.
- Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
- Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
- Slegs haarbykomstighede/kopbande wat by die skool se kleure pas (wit, geel, swart of turkoois) mag gedra word.
- Geen anderskleurige of versierde haarknippe, kopbande, blomme of vere mag in hare gedra word nie.
- Hare moet stewig vasgemaak wees.
- Lang hare of verlengstukke moet vasgemaak word. Verlengstukke moet die natuurlike kleur van die hare wees.
- Natuurlike afro's moet met 'n haarband vasgemaak word.
- Hare mag nooit uitermate wegstaan van die kop nie. Dit moet die natuurlike vorm van die leerder se kop aanneem.
- Kort hare moet 'n netjiese snit hê.

- Uitheemse style, (‘Mohawks’) geskeerde koppe (undercuts), gekleurde kuiwe, stertjies agter in die nek en ‘spikes’ is verbode.
- Die kuif moet nie in die oë hang nie. ‘n Kuif wat oor die wenkbroue hang, is te lank!
- ‘Dreadlocks’ sal alleenlik toegelaat word indien dit skoon, netjies, vasgemaak, en ‘n natuurlike haarkleur is. Indien dit ‘n vereiste is vir kulturele of godsdienstige redes, moet ouers skriftelik aansoek doen by die Beheerliggaam.
- Hare mag nie langer as die dogter se middel / heupe / belt area wees nie.
- Ouers moet toesien dat leerlinge aan die haarreëls voldoen. Ouers is mede-verantwoordelik vir die toepassing van die skoolrëels.
- Die skool behou die reg voor om te besluit of ‘n haarstyl aanvaarbaar is of nie.

NB: Hierdie haarreëls geld ook vir spesiale dae wanneer leerders gewone klere mag dra.

Seuns

- Hare moet kort en netjies geknip wees.
- Die gedeelte om die ore moet skoongeknip wees. Hare mag nie aan die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
- Wanneer kuiwe afgekam word, mag dit nie die wenkbroue raak nie.
- Hare moet agter reëlmatig opgesny word. Hare moet icm van die kraag af wees.
- Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie (nie langer as 5 cm nie).
- Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.
- Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word, oftewel “undercuts”, is verbode.
- Geen hare in 'n snit gesny met ooglopende verskillende lengtes, word toegelaat nie. Hare bo-op die kop mag nie te lank wees nie (nie langer as 7 cm nie) en moet aanpas by die haarstyl d.w.s die snit van die hare moet sodanig wees dat die lengte van die hare in verhouding is (bv. nie uitermate lank bo-op en kort langs die kante nie).
- Elke seun se hare sal individueel beoordeel word, aangesien sommige seuns krulhare en ander steil hare het. Geen vergelykings moet met ander seuns se hare gemaak word nie.
- Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
- Baarde of snorre is verbode.
- Wangbaard (“sideburns”) kan tot by die middel van die oor strek.
- ‘Dreadlocks’ sal alleenlik toegelaat word indien dit skoon, netjies, vasgemaak en ‘n natuurlike haarkleur is. Indien dit ‘n vereiste is vir kulturele of godsdienstige redes, moet ouers skriftelik aansoek doen by die Beheerliggaam.
- Geen ‘racket-hair’ (“spikes”) word toegelaat nie.

- Geen musse of hoofbedekkings buiten die wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.
- Ouers moet toesien dat leerlinge aan die haarreëls voldoen. Ouers is mede-verantwoordelik vir die toepassing van die skoolrëels.
- Die skool behou die reg voor om te besluit of ‘n haarstyl aanvaarbaar is of nie.

NB: Hierdie haarreëls geld ook vir spesiale dae wanneer leerders gewone klere mag dra.

6.2.2 Juwele

- Geen juwele, soos ringe, armbande (rekkies óf leer) of kettings, word toegelaat nie. Indien dit ‘n vereiste is vir kulturele of godsdienstige redes, moet skriftelike toestemming verkry word by die Beheerliggaam deur die ouers.
- Slegs polshorlosies en seëlringe word toegelaat.
- Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode.
- Wat oorringe/oorbelle vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of pêreltjie (nie groter as 5mm) of standaard- goue of silwer ringetjie, nie groter as 10mm, per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een gaatjie is.
- Geen steentjies van enige aard word toegelaat nie.

6.2.3 Naels

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Slegs kleurlose naellak word toegelaat.
- Geen akrilliese naels word toegelaat nie.
- Naels moet kort en skoon wees.
- Na afloop van die Matriekafskeid, moet naels en hare weer volgens die skoolreëls wees.

6.2.4 Grimering

- Geen oogomlyner of blosser word toegelaat nie.
- Mediese velroom sal slegs toegelaat word indien ‘n mediese sertifikaat getoon word en dit goedgekeur is deur die graadhoof.
- Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie.